DR. A. SIZOO, *Uit de Wereld van het Nieuwe Testament*, Tweede Druk, J. H. Kok, Kampen, 1954.

Prof. Sizoo is 'n classicus wat hom steeds meer wend tot die studie van die christelike oudheid, blykens sy publikasies oor die antieke wereld tentyde van die geboorte van die Christendom en sy inleiding op die christelike patristiek. Sy skoling as classicus kom, ook te oordeel aan hierdie werk onder bespreking, die christendom besonder ten goede. Die geskoolde teoloog is dikwels geneig om die wereld waarin die Christendom gebore is of te laat linkslê of hom tevrede te stel met 'n uiters sketsmatige kennis van gebeurtenisse en persone en instellinge van die tyd, wat as dit nader ondersoek word, tog 'n besonder heldere lig laat val op die Nuwe Testament self. Hierdie werk het Sizoo nou op 'n uitmuntende wyse verrig. Vir eenmaal en maklik toeganklik word die onderskeidinge tussen viervors, koning en stadhouders, en dan meteen ook tussen die verwarrende aantal Herodesse waarvan die Nuwe Testament melding maak, helder uiteengesit. In die werk sal die leser 'n eenvoudige maar duidelike antwoord ontvang op vrae oor die geldigheid van die regspraak wat in die gevalle van Jesus en Paulus beoefen is, hoe die belastinge bepaal en ingevorder is, watter samehang daar tussen belasting en die sensus van Augustus was.

Die verstaan van die briewe van Paulus word aansienlik vergemaklik as die leser eers die geskiedenis ken van die stede waaraan sy vernaamste briewe gerig is. Met die oog hierop bied die outeur op 'n onderhoudende wyse allerlei wetenswaardighede oor Rome, Korinthe, Efese, Filippi, Colassae en Thessalonica aan. Hy verduidelik ook die probleem van die vasstelling van die geadresseerdes in die brief aan die Galate. Dergelike toeligtinge gee hy ook oor die sewe gemeentes van Asië waaraan die sewe briewe van Openbaringe gerig is. 'n Verdere hoofstuk word gewy aan die ontleding van die griekse, latynse en aramese name wat ons in die Nuwe Testament aantref, die naam Jesus, Cephas en Kajaphas, Simeon, Simon, Petrus, Saulus, Paulus.

Die betekenis van die Christelike godsdiens kan nie tenvolle verstaan word sonder dat dit in relief gesien word teen die agtergrond van die gelyktydige godsdienste nie. Uit die oorweging het die skrywer ook aan die heidense godsdienste uit die tyd van die Nuwe Testament 'n hoofstuk gewy. Daar moet nog bygevoeg word dat die boek verhelder word deur 'n keur van illustrasies. Hierdie werk sal waardevol blyk vir teoloë, studente

en almal wat bereid is om met 'n bietjie meer as gewone inspannirg dieper in te dring in die geskiedenis en agtergrond van die Nuwe Testament.

A. S. GEYSER.

*  *